Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*IRLGSA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae noukeurig deur.

4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die puntetoekenning by elke vraag wees.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende konsepte:

1.1.1 Gebed (2)

1.1.2 Evangelisme (2)

1.1.3 Meditasie (2)

1.1.4 Politeïsme (2)

1.1.5 Sinkretisme (2)

1.2 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord uit die VIER moontlike antwoorde. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 A.

1.2.1 Hy/Sy is ŉ geestelike leier wat hom/haar pasiënte genees deur die voorvaders te raadpleeg.

A Priester
B Inyanga
C Isangoma
D Pastoor
(1)

1.2.2 Die volgende godsdiens het nie ŉ heilige skrif nie:

A Judaïsme
B Islam
C Christendom
D Afrika Tradisionele Godsdiens
(1)

1.2.3 Hierdie woord verwys na ŉ ernstige gesprek tussen twee of meer religieë:

A Ekumenies
B Dialoog
C Sinkretisme
D Evangelisme
(1)

1.2.4 Hy was ŉ sterk voorstander van die konflikteorie.

A Hans Mol
B Siddhartha Gautama
C Karl Marx
D Emile Durkheim
(1)

1.2.5 In hierdié soort staat is daar ʼn skeiding tussen staat en religie:

A Ateïstiese staat
B Teokratiese staat
C Sekulêre staat
D Nasionalistiese staat (1)

1.3 Pas die heilige teks in KOLOM B by die godsdiens in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.7 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Hindoeïsme | A Koran |
| 1.3.2 Boeddhisme | B Kitab-i-Aqdas |
| 1.3.3 Judaïsme | C Bybel |
| 1.3.4 Islam | D Tripitaka |
| 1.3.5 Christendom | E Vedas |
| 1.3.6 Baha'i Geloof | F Tenak |
| | G Tao-te-Ching |

(6 x 2) (12)

1.4 Kies die woord in elke lys wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 Jesus Christus; Moses; Mohammed; Abraham (2)

1.4.2 Kruis; Vis; Halaal; Maria (2)

1.4.3 Betlehem, Durban, Mekka, Jerusalem (2)

1.4.4 Pastoor, Inyanga, Sangoma, Kleipot (2)

1.4.5 Koran; Vedas; Bybel; Woordeboek (2)

1.5 Beantwoord die volgende vrae.

1.5.1 Noem die grootste Afrika inheemse kerk in Suid-Afrika. (2)

1.5.2 Waarom het verskillende godsdienste verskillende simbole? Gee TWEE redes. (4)

1.5.3 Wat is ʼn *sekte*? (2)

1.6 Rangskik die stappe in die hervitalisering van ŉ godsdiens in die korrekte volgorde. Skryf SLEGS die letters wat die verskillende stappe verteenwoordig in die korrekte volgorde neer.

A Veranderinge begin in die godsdiens intree en nuwe idees en maniere word deur die mense in die godsdiens aanvaar.

B ŉ Nuwe tydperk van harmonie en aanvaarding word aangegryp.

C Veranderinge word in die samelewing en die natuurlike omgewing ondervind en dit maak ŉ paar lede ongemaklik en laat hulle hul wêreldsiening of godsdienstige oortuigings bevraagteken.

D Daar is ŉ toestand van harmonie tussen geloof, samelewing en die natuurlike omgewing.

E As baie mense ongemaklik begin voel en besef dat hul godsdienstige en kulturele praktyke en oortuigings nie meer sin maak in hul lewens nie en veranderinge in hul godsdienstige praktyke en oortuigings soek. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Lees die volgende uitreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**GANDHI SE SIENING OOR GEWELD / NIE-GEWELDADIGHEID**

Met Gandhi, het die idee van nie-geweldadige verset spesiale status verkry. Hy het nie net teoreties daarna verwys nie. Hy het nie-geweldadige verset as ŉ filosofie en ideale lewenswyse aangeneem. Hy het ons laat besef dat die filosofie van nie-geweldadige verset nie ŉ wapen van die swakkes is nie; maar as ŉ wapen, wat deur almal aangewend kan word.

Nie geweldadige verset was nie Gandhi se uitvindsel nie. Hy word egter, die vader van nie-geweldadigheid genoem omdat, volgens Mark Shepard: "Hy nie-geweldadige aksie tot ŉ vlak wat nog nooit voorheen bereik is nie opgehef." Kripalani het ook gesê: "Gandhi was die eerste in menslike geskiedenis wat die beginsel van nie-geweldadige verset vanaf die individu tot die sosiale en politieke arena uitgebrei het."

[Uittreksel uit *Gandhi And Nonviolence* deur B.R.Nanda, https://wwww.mkgandhi.org]

2.1.1 Wat is *nie-geweldadige verset*? (2)

2.1.2 Wie was die stigter van hierdie wyse van politieke stryd en watter godsdiens verteenwoordig hy? (4)

2.1.3 Dink jy nie-geweldadige verset is meer of minder doeltreffend teen verdrukking as geweldadige weerstand? Verduidelik jou antwoord. (6)

2.1.4 Verduidelik kortliks *godsdienstige verdraagsaamheid*. (4)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verseker godsdiens diversiteit. Hoofstuk 2 van die Handves van Menseregte (Bill of Rights) handel oor fundamentele menseregte, wat erkenning en beskerming van godsdiensvryheid in Suid-Afrika insluit. Artikel 15: Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening verklaar dat:
>
> 1. Elkeen die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.
> 2. Godsdiensbeoefening by staat- of staatsondersteunde instellings kan geskied mits:
>    (a) Daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;
>    (b) Dit op billike wyse geskied;
>    (c) Bywoning daarvan vry en vrywillig is.
>
> [Uittreksel uit die Handves van Menseregte in die Suid-Afrikaanse Grondwet]
>
> <u>Die VN se Universele Verklaring van Menseregte, Artikel 1</u>
> Alle mense is vry gebore en gelyk in waardigheid en regte. Hulle is toebedeel met goeie oordeel en ’n gewete en behoort tot mekaar in ’n gees van broederskap op te tree.
>
> [Vertaal uit https://www.ica.org]

2.2.1 Is Suid-Afrika ’n sekulêre of ’n teokratiese staat? Gee ’n rede vir jou antwoord. (4)

2.2.2 Wat is ’n *ateïstiese staat*? Noem EEN land as voorbeeld. (4)

2.2.3 Dink jy dat Suid-Afrika se grondwet, Artikel 1, die Universele Verklaring van Menseregte van die Verenigde Nasies ondersteun? Motiveer jou antwoord. (6)

2.2.4 Definieer *godsdiensvryheid* en toon aan hoe dit in jou skool bevorder en toegepas kan word. (6)

2.2.5 Verduidelik kortliks die konsep *‘politiek’* in die konteks van godsdiens. (8)

2.2.6 Noem DRIE maniere waarop godsdiens ’n impak op die samelewing het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**DWELMMISBRUIK IN SKOLE: 'N PROBLEEM OF NIE?**

Na 'n persvrystelling deur die Wes-Kaapse LUR vir Onderwys, Debbie Schäfer, het die Suid-Kaap Forum verskeie polisiestasies in die distrik gekontak om die toedrag van sake rakende die dwelmprobleem in die streek se skole te ondersoek.

(Wat hier volg, is 'n opsomming van die werk wat verskillende polisiestasies in die Suid-Kaap gedoen het.)

Skole word op 'n weeklikse basis deursoek. By skole wat deursoek is, is geen dwelms gevind nie. Alhoewel die fokus op hoërskole was, sal laerskole ook in die toekoms deursoek word. Dwelmsake is aangemeld waar skoliere betrokke was. Dwelms in en rondom die skole word gemonitor en skole sal reg deur die jaar deursoek word. Ons werk tans aan bewuswordingsprogramme om leerders sowel as onderwysers van kennis te voorsien om van dwelmmisbruik weg te bly.

[Uittreksel vertaal en aangepas uit die *Suid-Kaap Forum*, 26 Okt. 2017]

3.1.1 As voorsitter van jou skool se leerling-verteenwoordigende raad, skryf 'n verslag oor die gevare van dwelmgebruik in skole. (8)

3.1.2 In verband met die uittreksel, watter planne is in plek gestel om die dwelmprobleem in skole aan te spreek? (6)

3.1.3 Beskryf die rol wat godsdiens kan speel om met die dwelmprobleem te help. (10)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**DIS HOE DIE KONSTITUSIONELE HOF BESLUIT HET JY KAN DAGGA TUIS ROOK**

Dinsdag, 18 September 2018 om 10 uur, het die Konstitusionele Hof uitspraak gelewer in die aansoek vir die bevestiging van 'n bevel oor die konstitusionele ongeldigheid gemaak deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika, wat wetgewing wat die kriminalisering van die gebruik, besit, aankoop en aanplant van dagga onkonstitusioneel verklaar.

[Vertaal uit Timeslive.co.za]

3.2.1 As jy deel van die regering was, watter beleid sou vir jou die beste wees – om dwelms te verbied of om dit onder beheerde omstandighede toe te laat? Gee redes vir jou antwoord. (5 x 2) (10)

3.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Sionisme kan gesien word as ŉ verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring. Sionisme span inderdaad die gesuiwerde geestelike energie van die Christendom in om te reageer op hedendaagse Afrika-behoeftes en kanaliseer dit deur Afrika kategorieë van denke en optrede, sonder om dit heeltemal van Christelike kategorieë te stroop. Daar is dus ŉ behoud van sekere Afrika-godsdienstige metodes en tegnieke, maar dit is uit ŉ nuwe bron van krag – die Heilige Gees eerder as die voorvaderlike geeste.

Hy wys daarop dat mense die ooreenkomste tussen ŉ Sionistiese profeet en ŉ Afrika-waarsêer uitgelig het, in die sin dat albei die oorsaak van ŉ persoon se siekte of ongesteldheid diagnoseer en behandeling aanbeveel. Die verskil is egter, sê hy, dat die Sionistiese profeet se diagnose en behandeling dikwels nie doeltreffend is nie, tensy dit in gebed gesentreer is, en sluit in dat die pasiënt self meer tyd in gebed in die kerkgroep as ŉ deurlopende behandeling moet deurbring. Sioniste bring dus nie bloot die Christendom en Afrika godsdiens saam nie; hulle het inderwaarheid ŉ nuwe vorm van Afrika Christendom ontwikkel. 'Sioniste skep en brei Christelike ooptes uit wat ek sien as die samelewingsoerwoud, oases in ŉ morele woestyn, stukkies orde in die midde van wanorde.'

[Bron: *The African Independent Churches' in Martin Polzesky and John de Gruchy (eds). 1995. Living Faiths in South Africa.* Cape Town: David Phillip, bl. 122, 127]

3.3.1 Wat dink jy bedoel die skrywer deur te sê dat Sionisme ŉ 'verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring is'? (2)

3.3.2 Die skrywer dink dat Sioniste se geestelike krag sy oorsprong in die Christendom eerder as in Afrika-godsdiens het. Haal TWEE sinne uit die uittreksel aan wat dit aandui. (4)

3.3.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die verskil tussen ŉ *Sionistiese profeet* en ŉ *waarsêer* is. (4)

3.3.4 Verduidelik kortliks die term *interreligieuse dialoog*. (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**‘GIFT OF THE GIVERS’ WEER INGEROEP OM NOG ’N WES-KAAPSE MUNISIPALITEIT TE RED, TERWYL HULLE OP BEFONDSING WAG**

“Gift of the Givers” is weereens besig om hulp te verleen aan nog ŉ droogte geteisterde munisipaliteit in die Wes-Kaap. Die stigter Imtiaz Sooliman het bevestig dat die organisasie reageer het op hulpkrete vanaf die Laingsburg munisipaliteit, wat besig is om uit water te raak. Twee weke gelede is die organisasie ingeroep om die droogte geteisterde Beaufort-Wes munisipaliteit te help. Water is aan die mense van die omgewing voorsien.

Tog het Sooliman gekla oor onvervulde beloftes van finansiële hulp deur die Wes-Kaapse regering.

“Vir al hierdie noodsaaklike ingrypings wat ons miljoene rand gekos het, het ons nie eens een rand in befondsing vanaf die Wes-Kaapse regering ontvang nie, al was dit oor en oor in verskeie vergaderings belowe vanaf so vroeg as Maart 2018,” het Sooliman gesê.

[Uitreksel vertaal uit m.news24.com]

**DROOGTE-KRISIS IN DIE OOS-KAAP KOMMERWEKKEND**

‘Gift of the Givers’ het laasweek op kort kennisgewing ingegryp in Makhanda. Die organisasie was onder die indruk dat dit die enigste gebied in die Oos-Kaap wat water op ŉ tydelike basis benodig het, totdat infrastruktuur herstel word, wat na berekening slegs vyf dae sou neem.

Ons het daarna ook oproepe ontvang van Riebeeck-Oos, Amathole Distrik (Queenstown) waar meer as 50 000 mense in 100 dorpies reeds vir maande sonder water was … en vanaf die Chris Hani munisipaliteit. Die uitdagings in die Oos-Kaap neem voortdurend toe.

[Vertaal uit gift of the givers.org]

4.1.1 Lys TWEE werke wat die *Gift of the Givers*-stigting doen om mense te help wat in nood verkeer. (4)

4.1.2 Watter uitdagings verwys hulle na in die Oos-Kaap? (2)

4.1.3 Verduidelik in jou eie woorde, die godsdienstige lering wat die werk van die *Gift of the Givers*-stigting geïnspireer het. (4)

4.1.4 Watter bewyse is daar in die leesstuk dat die organisasie nie geografies gebonde is nie? (2)

4.1.5 Is die pogings van die Gift of the Givers-stigting beperk tot mense van dieselfde godsdiens as die lering wat hule werk geïnspireer het? Hoekom dink jy so? (4)

4.1.6 Op 5 Januarie 2019, het die Wes-Kaapse regering, die bewering deur die Gift of the Givers-stigting betwis dat die Laingsburg munisipaliteit uit water gaan raak. Wat is jou opinie oor die argument tussen die Gift of the Givers-stigting en die Wes-Kaapse regering? (4)

4.2 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Modimo (goddelikheid) se huis is ŉ gat onder die aarde. Dit is ŉ idilliese plek met groen velde, mense, diere, vee, skape en bokke. Vanuit hierdie gat in die aarde het ons eerste ouers gekom. Hulle het saam uitgekom – mans met hulle vrouens, kinders, diere, skape, bokke en honde.
>
> ŉ Geheime een-been wese het saam uitgekom. Loowe, ŉ agent van die goddelikheid, het hulle wat uitgekom het, vergesel met die ooreenkoms om die wil en doel van goddelikheid te vervul. Hy keer dan terug na die gat en laat die mense en diere op die oppervlak van die aarde agter om dit te bewoon en dit hul tuiste te maak. Dit alles het by Ga-Ditshwene in die land van die Bahurutse gebeur.
>
> Die voetspore van hulle wat eerste uitgekom het, asook van die eerste diere, dui aan dat dit plaasgevind het toe die rots nog gesmelt was. Selfs die voetspoor wat groter as die mens se voetspore is – Loowe s'n, is steeds sigbaar.
>
> [Uittreksel uit *Shuters Religion Studies*, by Hofmeyer, J. et al. 2006:26]

4.2.1 Is bostaande storie ŉ verhaal of ŉ mite? Motiveer jou antwoord deur jou keuse krities te definieer. (6)

4.2.2 Wat is die doel van hierdie storie? (2)

4.2.3 Hoe het die eerste skepsels (wesens), volgens hierdie storie, tot stand gekom? (2)

4.2.4 Hierdie gedeelte vertel ons van die geloof van die Batswana-volk. Was hulle monoteïsties of politeïsties? Motiveer jou antwoord. (4)

4.2.5 Haal uit die storie sigbare bewyse aan wat die bestaan van die agent van die goddelike, Loowe, ondersteun. (2)

4.2.6 Wie was, volgens die storie, verantwoordelik vir die skepping? (2)

4.2.7 Hoe, dink jy, het die Tswana-storie oor die skepping behoue gebly totdat dit neergeskryf is? (2)

4.3 Wat bedoel Karl Marx met die stelling: 'Godsdiens is die opium van die mense'? (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die volgende uittreksel van stories deur vroue rakende hulle ondervindinge met uitsluiting en beantwoord die vrae wat volg.

**VROULIKE PANEELLEDE DEEL HUL STRYD IN MANS-GEDOMINEERDE GODSDIENSTE**

Vroue in die Katolieke kerk was vir ’n lang tyd hul eie kampvegters, terwyl hulle die hierargie en hulle binne die geloofsgemeenskappe aangevat het om hulle dieselfde kerksleierskapsrole as hulle manlike eweknieë te gee. Die deur het, egter, toe gebly, maar die geveg gaan voort.

Katolieke vroue, wie priesters wil word, het besluit om te protesteer. “Ons het langs die pelgrimspad na St. Peter’s geloop en het by die Mis vir priesters aangesluit,” het Kate McElwee, mede-uitvoerende direkteur van die organisasie aan *NCR* gesê. “Die vroulike priesters saam met ons se stolas en plakkate is egter weggeneem, asook hul pamflette en spelde.

[Vertaal uit ’n berig deur Traci Badalucco in die *NCR Today*, Okt. 11, 2016]

In haar denke oor vroue se uitsluiting uit gemeentelike gebede in die moskee, verklaar Shamima Shaikh dat die uitsluiting van vroue uit gemeentelike gebede verraad ten opsigte van die leerstellings van die Profeet is.

[Bron: *Shuters Topklas Religiestudies Graad 11*, bl. 57]

5.1.1 Wat het hierdie twee vroue in gemeen? (2)

5.1.2 Identifiseer die verskillende ondervindinge wat beide vroue in hul verskillende godsdienste ervaar. (8)

5.1.3 Noem TWEE ander religieë waar vroue uitsluiting ervaar en hoe hierdie vroue oor hul uitsluiting in hierdie religieë voel. (8)

5.2 “Daar is *drie hooftipes gebede in Islam*.” Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van Moslems in gebed.

5.2.1 Waarom, dink jy, is dit vir Moslems so belangrik om te was voordat hulle bid? (2)

5.2.2 Stel TWEE maniere voor hoe gebed in die Islamitiese godsdiens gelowiges met hul stigter, Mohammed verbind. (4)

5.3 Verduidelik kortliks die betekenis van elk van die volgende godsdienstige simbole:

5.3.1 Afrika-bier (4)

5.3.2 Die Standbeeld van Boeddha (4)

5.4 Verskaf TWEE sosiale rolle van rituele. (4)

5.5 "Boeddhistiese argitektuur sluit 'n aantal verskillende strukture – stoepas, pagodes, kloosters en grotte in." Gee 'n kort verduideliking van DRIE van hierdie strukture. (6)

5.6 Lees die onderstaande gebed en beantwoord die vrae wat volg.

Onse Vader wat in die Hemel is,
Laat U naam geheilig word;
Laat U Koninkryk kom;
Laat U wil geskied
Soos in die Hemel netso op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid
Tot in ewigheid, amen.

[Bron: Matteus 6:9–13]

5.6.1 Identifiseer TWEE van elk van die volgende in die gebed:

(a) Lof aan God (4)

(b) Versoek om hulp (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou